

P.S. de Bruyn

Die grapteks met verwysing na die interessantheidsbeginsel

Abstract

Jokes are special kinds of texts: they do not communicate something about the real, existing world like some other kinds of texts do, because they are worlds in themselves. These units of discourse consist of two components: a build-up and a punch line, the latter being the source of humour, mainly because it possesses elements of surprise. Although mostly fictitious, jokes do make use of an element of truth, or at least some common knowledge. They can also be seen as speech acts, acts of humour with the perlocutionary effect to amuse in mind.

When De Beaugrande and Dressler's characteristics of a successful text are applied, jokes can be seen to fit the description. As in the case of other literary genres, jokes can be described as fiction because they are also special expressions with well-defined conventions. These special kinds of texts are spontaneously recognised for what they are. When those elements distinguishing jokes as such are removed, the effects jokes have are cancelled. These removed elements are thus proved to be essentials. The element of surprise, caused by the condensation of several meanings in the punch line, seems to be of vital importance in this respect.

Jokes are intended to amuse. Jokes are consciously told with this purpose in mind and they are noticed because of that. It will be argued, using appropriate examples, that these special effects are achieved by means of the principle of interest. The exploitation of pragmatic means is used to attain this.

1. Inleiding

Die grap is 'n vorm van literatuur wat universeel gepaard gaan met die lag. As literatuurvorm het dit tipiese kenmerke, soos byvoorbeeld dat dit bondig is en dat 'n minimum aantal karakters daarin voorkom. Sekere algemene vereistes laat dit

as teks kwalifiseer en spesifieke vereistes maak dit as graptteks herkenbaar. 'n Grap het die uitsluitlike doel om te vermaak.

Wat hier onder die loep gaan kom, is eerstens wat die grap as teks laat kwalifiseer en tweedens wat dit as graptteks onderskei van ander soorte tekste. Dit word ook aanvaar dat daar iets besonders is aan die graptteks wat daarvoor verantwoordelik is dat dit die genre is wat uitsluitlik amuseer en wat die gewone mens redelik maklik hanteer sodat dit veelvuldig in die samelewing voorkom en waardeer word. Daar sal geargumenteer word (vgl. 11, 11.1 en 11.2) dat wat die graptteks besonder maak, die sogenaamde 'interessantheidsbeginsel' van Leech (1985) is.

Vir die doel van hierdie artikel word die aandag beperk by wat Swart (1987:31) die "vertelgrappie" noem. Sulke voorbeelde is vertelbaar deur 'n verteller, of dit kan neergeskryf word deur 'n skrywer. Die vertelgrappie is gerig tot 'n hoorder of 'n gehoor, of 'n leser of lesers. In die graptteks self kom daar gewoonlik meer as een karakter voor wat in 'n bepaalde situasie verkeer, of wat in gesprek met mekaar betrokke is.

2. Die aard van die grap

Behalwe dat die mens sy taal gebruik om informasie oor te dra, word dit ook gebruik om te vermaak (Hockett, 1977:257). Die verskillende taalvorme wat die medemens vermaak, is vertellinge, anekdotes en al die ander prosavorme, asook die poësie in al sy verskeidenheid. Scherzer (1985:213, 214) beskryf die grap, en ook die kwinkslag, as 'n spel, 'n doelbewuste manipulasie van taal en spraak en dit word gemerk deur 'n gelag.

Volgens Nash (1985:9, 10) word die grap as humorhandeling gekenmerk deurdat daar afgewyk word van die gangbare stand van sake: die kultuur, instellings, houdings, aanvaardings, ensovoorts. 'n Verdere eienskap is dat dit op so 'n wyse aangebied word dat die humoristiese bedoeling daarvan aangedui en herkenbaar is. Dit word alles geaktiveer deur 'n bepaalde woord of frase wat essensieel is vir die realisering van die grap.

Hierdie kunsvorm dien ook die doel in die samelewing dat waar daar sosiaal verkeer word, dit die verteller in staat stel om die aandag op hom te vestig (vgl. Bókay, 1985:426). Volgens Scherzer (1985:220) verseker die spreker daarmee dat hy die vloer kan okkupeer en dit hou. 'n Ander konvensionele merker vir die gehoor dat 'n grap begin, is die woorde: 'Het jy dié een gehoor?' of 'Het jy gehoor van die ...?' Hierdie inleidende vraagsinne trek onmiddellik die aandag en gee aan die spreker 'n 'voorafbeurt'. Volgens Swart (1987:132 e.v.) is dit opmerklik dat die 'voorafbeurt' baie dikwels nie die woord 'grap' bevat nie. Daar moet dus geïmpliseer word dat daar 'n grap aan die kom is. Die verteller aanvaar

dat sy gehoor die vermoë het om so 'n afleiding te maak. Daar word waarskynlik staatgemaak op die samewerkingsbeginsel van Grice (1975). Die belangstelling in grappe word gereeld verseker deur die aard van die tema en omdat in die trefreël altyd iets onverwags, verrassends en lagwekkends voorkom. Hierdie verbale kuns bied ontspanning, anders as by die tekste waar taal letterlik, ernstig en formeel gebruik word.

Enige kunsvorm word getakseer, gewaardeer of beoordeel en as daar ná die vertel van 'n grap gelag word, was die beoordeling gunstig en het die grap geslaag. Dit beteken ook dat die produseerder sy gehoor korrek getakseer het ten opsigte daarvan dat die tema van die grap, die persoon of saak wat as die slagoffer vir die grap geïdentifiseer is, nie aanstoot gee nie. Bókay (1985:426) noem dit die 'sosiale filter'. Hierdie sosiale filter bepaal wanneer 'n besondere grap vir 'n betrokke gehoor aanvaarbaar is. Dit het daarmee te doen dat 'n geslaagde grap afhanklik is van die betrokke samelewing waarin dit ontstaan het en oorvertel word (vgl. ook Bókay, 1985:428, 429).

3. Die struktuur van die grap

In die struktuur van die grap word twee duidelike dele onderskei: die aanloop of opbou, en die trefreël (Scherzer, 1985:216). In die aanloop kom sekere informasie ter sprake en die aktivering van ander informasie word geregverdig in die trefreël wat 'n verrassingselement bevat. Dit is ook die bron van die humor. Ongenoemde en voorveronderstelde informasie word geaktiveer in die trefreël. As die ontvanger die ongenoemde informasie in verband bring met die verbale informasie, beteken dit dat hy dit verstaan het, al is die informasie ook van 'n obsene aard (Scherzer, 1985:216, 217). Dit beteken dat linguïstiese dekodering gepaard gegaan het met interpretasie.

Lag is reeds as 'n merker uitgewys vir 'n geslaagde grap. Volgens Bokáy (1985: 425) maak dit die essensie uit van 'n definisie vir 'n grap. Lag is volgens die taalhandelings-teorie die perlokusie-effek wat die grap, as dit begryp is, op die ontvanger daarvan het (Attardo & Chabanne, 1992:168). Hierdie siening kom ooreen met die bevinding van Swart (1987:70) wat daarop wys dat dit die bedoelde perlokusie is om die gehoor te laat lag en indien die gehoor lag, is die perlokusie geslaagd. Ander verskynsels wat ook hierdie perlokusie-effek het, is die spontane humor wat veroorsaak word deur versprekings, valse argumente, spitsvondigheid of gebeure wat net op die oomblik lagwekkend is. Hierdie verskynsel word egter nie deur die begrip *grap* gedek nie. 'n Grap word vanuit die staanspoor as sodanig ervaar. Wanneer daar 'n komiese monoloog is, trefreëls wat 'n ketting vorm, grappige kort stories of vertellings, liedjies, parodieë of die optrede van 'n komediant, het 'n mens met meer komplekse voorbeelde te doen omdat kunstenaars daarby betrokke is. Grappe is gewoonlik meer eenvoudig en berus

op konvensies wat dit as sodanig herkenbaar maak in 'n bepaalde groep (Bokáy, 1985:427).

'n Ander opinie oor die struktuur van die grap, is dié van Attardo en Chabanne (1992:168). Hulle beskryf 'n grap as 'n mikrovertelling, gesentreer om verbale interaksie in 'n gegewe situasie. Die informasie wat beskikbaar raak in die verbale interaksie word tot die minimum beperk om die bondigheid van dié tipe teks te bewaar. Sekere informasie word aanvaar as gedeelde kennis, op watter wyse dan ook, en word nie verwoord nie (vgl. De Bruyn, 1992:64). Die dialoog in die graptteks is die werklike kern. Daarmee saam kom die situasie, verbaal en nie-verbaal wat die minimum komponente is wat die mikrovertelling uitmaak.

Opsommend kan gesê word dat die grap 'n verbale interaksie is wat plaasvind tussen 'n verteller en sy gehoor, of 'n skrywer en leser(s). Die grap handel oor karakters in 'n bepaalde situasie met die volgende kenmerke (Attardo & Shabanne, 1992:169): dit is 'n kort, fiktiewe vertelling, ekonomies van vorm. Indien 'n dialoog daarin voorkom, verskaf dit sekere gegewens wat relevant is vir die geslaagdheid van die grap; andersins word sulke gegewens deur die vertelling verskaf. Die karakters wat deelneem, is selde meer as twee. Aan die einde van die teks kom 'n trefreël voor wat die verwoorde informasie en die pragmatiese informasie in perspektief met mekaar plaas. Volgens Attardo en Chabanne (1992:169) het die trefreël die aanloop nodig, omdat dit deel vorm van die agtergrond wat help om dit te interpreteer. Die trefreël is dus vir sy geslaagdheid afhanklik van veronderstelde informasie wat deur die gemeenskap as bekend aanvaar word (Scherzer, 1985:217) en ander informasie wat in die aanloop pertinent genoem is om 'n eenheid te vorm. In terme van diskoersanalise is die trefreël 'n afwyking van die verwagte, maar juis een van die onderliggende meganismes wat gebruik word om humor te skep (vgl. Pretorius, 1990:261).

4. Die grap as teks

Bókay (1985:432) beskou die teks tereg as die belangrikste medium waarmee menslike kommunikasie plaasvind. Omdat verskillende tipes tekste verskillende funksies het, spreek dit vanself dat daar ook struktuurverskille sal wees. Die vorm en struktuur van die grap is reeds aangedui, sonder om op die ander vorme en variante in te gaan (vgl. Bókay, 1985:416). Om vas te stel of die grap aan aanvaarde norme voldoen om as teks te kwalifiseer, word die sewe beginsels, dit is die 'standaard' van tekstualiteit, van De Beaugrande en Dressler (1992) toegepas. Daar word met ander woorde vasgestel of die grap doeltreffend, effektief en geskik is vir dit wat hy veronderstel is om te wees, 'n sekere tipe teks. Die volgende grap word as voorbeeld gebruik en getoets na aanleiding van Attardo en Chabanne (1992:173-175):

(1)

1. Ma en Pa en twaalf kinders sit om die etenstafel.
2. Ma, terwyl sy met haar vurk na die oudste seun wys:
3. Pa, dink jy nie dit het tyd geword dat ons vir Piet
4. 'n nuwe broek koop nie?
5. Pa: Wel nee, Ma; ons het dan vier krismisses gelede
6. vir Piet 'n nuwe broek gekoop. Wat wil hy nou al weer
7. met een maak?
8. Ma: Wel Pa, as hy weer so oor die tafel rek om die
9. brood by te kom, moet jy net 'n bietjie kyk wat sleep
10. hy deur die sop.

4.1 Gegewens in die teks

4.1.1 Kohesie

Kohesie het daarmee te doen dat sekere oppervlakverskynsels in die grammatika verbind met sekere komponente soos dit in die volgorde, in die sintaksis voorkom. Hulle is van mekaar afhanklik, soos voorbeelde van anafore wat na antesedente verwys in bogenoemde voorbeeld. In reël 3 word byvoorbeeld gevind *Pa ... jy* en in reël 6 *Piet ... hy*. Ook in reël 10 word na *Piet* as *hy* verwys.

4.1.2 Koherensie

Koherensie gaan oor samehang wat meegebring word deur iets wat buite die teks lê en normaalweg te doen het met kennis wat aanvaar word die leser/hoorder reeds besit (vgl. Renkema, 1993:35). Die struktuur van begrippe mag op die oog af onsamehangend voorkom, maar deur die proses van afleiding wat berus op die beginsel van samewerking, begryp die gehoor en word die verbande duidelik. In die grap, wat juis op die verrassing en die onverwagte staatmaak, is dit die trefreël wat die koherensie van die grap by uitnemendheid illustreer. In die betrokke voorbeeld word die rede vir Ma se vraag duidelik deur Pa se opmerking dat die broek vier jaar oud is. Van die feit dat daar twaalf kinders is, waarvan Piet die oudste is, kan daar afgelei word dat Piet nog 'n groeiende seun is en dat die broek te klein geword het. Dit is die trefreël waarin die gehoor snap dat die broek weens ouderdom, en omdat dit te klein is, reeds stukkend is. Min verbeelding is nodig om af te lei waar presies die broek stukkend is.

5. Houding van deelnemers – vertellers en gehoor

5.1 Intensionaliteit

Net soos die produsent van enige ander tipe teks 'n doel daarmee het, het die verteller van 'n grap ook 'n bepaalde doel: dit is om sy gehoor te laat lag. Daarom beplan hy 'n sekere orde waarvolgens die gegewens in die graptteks verwoord word. Die trefreël moet byvoorbeeld laaste staan en moet voorafgegaan word deur relevante en voldoende gegewens om die grap te laat slaag. In die grap wat as voorbeeld gebruik is, word 'n sogenaamde taboe-onderwerp gesuggereer in die trefreël. Dit vind plaas in die lig van 'n verdere afleiding, naamlik dat in die betrokke gesin goeie maniere nie juis hoë voorrang geniet nie en dat daar, ten alle koste, gerek moet word as mens iets aan tafel in die hande wil kry.

5.2 Aanvaarbaarheid

Die ontvanger van die betrokke teks se houding teenoor die soort teks is hier ter sprake: vind hy dit aanvaarbaar in die lig van die sosiale of kulturele omstandighede waarin dit geproduseer word, of nie? In 'n grap soos die betrokke voorbeeld is dit weliswaar so dat die produseerder van die teks moes spekulêr oor die aanvaarbaarheid daarvan deur almal in sy gehoor (vgl. De Beaugrande & Dressler, 1992:8). Die aanvaarbaarheid het in die betrokke voorbeeld daarmee te doen: daar word met groot gesinne, swak tafelmaniere, armoede en taboe-onderwerpe gespot. Vir die deel van die gehoor wat aanstoot daaraan neem, is dit nie aanvaarbaar nie. In so 'n geval is die teikengehoor dus ten dele verkeerd gekies. Wat hier ter sprake is, is die aard van die informasie wat in die teks figureer. Dit word nader ondersoek onder die volgende hoof.

6. Informatiwiteit

Volgens De Beaugrande en Dressler (1992:9) impliseer informatiwiteit die mate waarin die gebeure in die betrokke teks verwag word of onverwags is, bekend of onbekend is. Indien (1) nie as 'n grap aangebied is nie, sou die verwagte laaste reël iets van die volgende aard moes meedeel: “Piet se broek is te klein”, of “Piet se broek is stukkend”. Uit die aard van die grap word daar in hierdie geval juis iets gesê wat onverwags is en terselfdertyd word iets gesuggereer wat onbekend is. Dit is juis hierdie verrassingselement wat die informasie so interessant maak en die gehoor, as dit korrek getakseer is, amuseer. Attardo en Chabanne (1992: 174) wys daarop dat vir 'n grap om geslaagd te wees, die gehoor vir 'n kort oomblik moet wonder wat gaan kom, voordat die trefreël geuit word.

Dit is so dat elke teks iets informatiefs bevat, al is daar ook 'n mate van voorspelbaarheid ter sprake in die verloop van die aanbieding daarvan. Sekere gebeure kan net nie voorsien word nie. In die geval van die grap weet die gehoor uit ondervinding dat die trefreël iets gaan inhou wat veronderstel is om te amuseer en in die geval van die voorbeeld wat hier ter sprake is, blyk dit dat die broek op so 'n wyse stukkend is dat die gevolge 'katastrofies' is. Die motivering van Ma se vraag oor 'n nuwe broek word deur die informasie in perspektief geplaas.

7. Situasionaliteit

Onder die vorige hoof het sekere informasie ter sprake gekom wat as “verbale konteks” getipeer kan word (vgl. Carstens, 1992a:47). Wanneer 'n teks aangebied word, moet die situasie in ag geneem word. Situasionaliteit behels gegewens oor die tyd, die plek, die verteller en veral die gehoor in die geval van 'n grapteks. Dit kom neer op die sogenaamde pragmatiese gegewens, die informasie wat die gespreksgenote deel. Situasionaliteit gaan oor die relevansie van die teks in die betrokke situasie en in die geval van die grap sou dit kon gebeur dat die stemming van die gehoor nie korrek beoordeel is nie, of dat die onderwerp van die grap aanstoot kan gee aan die gehoor of 'n deel daarvan. Carstens (1992a:47) noem dit dan ook “pragmatiese konteks.” Die produseerder van sogenaamde siek of rassistiese grappe, sowel as dié wat handel oor menslike gebreke en rampe, met ander woorde alle taboe-onderwerpe, moet altyd die situasie goed beoordeel om nie aanstootlik te wees nie. Wat ook in ag geneem moet word, is dat kultuursituasies soms 'n rol speel. Dit is byvoorbeeld nie vir alle kulture aanvaarbaar dat daar onder andere met die skoonma of 'n leiersfiguur grappe gemaak word nie.

Saam met die pragmatiese konteks verskaf die verbale gegewens, dit wil sê die gegewens wat ter sprake kom in die teks, 'n eenheid van informasie. In die voorbeeld word die noodsaak vir 'n nuwe broek eers duidelik met die uitspraak van die trefreël, maar die aanloop in die teks wat verbaal noodsaaklike gegewens verskaf, kan om dié rede nie uitbly nie. Die pragmatiese vereistes van die samelewing dat daar nie met stukkende broeke rondgehoop word nie, word geaktiveer deur die verbale konteks wat die trefreël verskaf (vgl. ook Carstens, 1992b).

8. Intertekstualiteit

Volgens De Beaugrande en Dressler (1992:10) is die voorkoms van 'n samehangende groep sinne, wat 'n teks vorm, afhanklik van 'n ander verwante teks wat reeds voorgekom het, of wat later daarmee geassosieer word (vgl. ook Renkema, 1993:34). In die geval van 'n grap soos voorbeeld (1) kan dit ko-tekstueel voorkom in byvoorbeeld 'n bundel oor agterlike mense of ongeskiktheid aan tafel, of situasioneel in die teenwoordigheid van ander soortgelyke grappe wat by

geleentheid van 'n geselligheid of 'n ete vertel is. Dit beteken dat wanneer 'n sekere soort teks voorkom, daar regverdiging voor gevind sal word in dit wat direk voorafgaan.

Hierbo in 4 is daarop gewys dat tekste tiperende eienskappe vertoon. Hierdie tiperende eienskappe gaan daarmee gepaard dat sodra daar 'n sekere genre teëgekomm word, plaas dit 'n mens in 'n sekere stemming en 'n verwagting word gegeneer oor die aard van dit wat volg (vgl. Pretorius, 1990:266). By die grap is daar in 'n sekere mate 'n voorspelbaarheid in die sintaktiese patroon en is daar sekere temas wat gedurigeur voorkom. Stereotipering van karakters wat figurer in grappe is ook tipies. Die 'kuns' om grappe te vertel, moet ook aangeleer word en die waardering vir hierdie tipe teks beteken dat die vertel van grappe iets moet wees waarmee die ontvanger vertrouwd moet wees om te verseker dat die verlangde reaksie ontlok word (vgl. Attardo & Chabanne, 1992:174, 175).

9. Samevatting

Die toepassing van De Beaugrande en Dressler se sewe norme waaraan 'n teks moet voldoen in 4 tot 8 hierbo, laat dit duidelik blyk dat die geslaagde grap daaraan voldoen. Grappe is dus voorbeelde van tekste van 'n bepaalde aard.

'n Interessante indeling van tekste met as vertrekpunt die kommunikasieteorie is gemaak deur Van Luxemburg *et al.* (1985:142-145). As daar gelet word op die funksie van tekste, sou, afhange van waar die klem val in 'n besondere grap, of die onderwerp of tema daarvan, grapt tekste geklassifiseer kon word as referensieel, oorredend, retories, konvensioneel of literêr. Iets van elkeen van hierdie funksies sal gevind kan word in elke grap, met een van daardie funksies dominant.

Die klassifikasie van Dimter (1985:217 e.v.) sou ook met vrug toegepas kon word op die herkenning van 'n grap as teks. Sy klassifikasie is gebaseer op die voorkoms van alledaagse tekste. Vier kategorieë word onderskei: die vorm van die teks, die kommunikasiesituasie, funksie van die teks en teksinhoud.

Hierdie potensieel insiggewende benaderings tot die indeling van grappe word nie hier verder ondersoek nie; daar word wel kortliks gepoog om by 'n definisie van 'n teks uit te kom.

10. Alternatiewe opinies oor wat 'n teks behels

In 'n poging om by 'n definisie van 'n teks uit te kom, wys Bókay (1985:414) daarop dat, anders as by 'n teks, 'n sin al as 'n linguistiese eenheid *S* gedefinieer is met sekere reëls wat die koherensie daarvan verseker. In die geval van 'n teks, al is 'n taalgebruiker seker dat hy met 'n teks te doen het, is daar nog nie 'n bepaalde stel reëls wat die koherensie van 'n teks bepaal nie. Carstens (1991) poog om 'n

sintese te maak uit nie minder nie as vier en vyftig definisies oor wat 'n teks is. Dit blyk 'n omvangryke probleem te wees omdat die spektrum wat die definisies dek, baie wyd is. Volgens Bókay (1985:414) definieer De Beaugrande en Dressler *tekstualiteit* en nie *teks* nie. Dit kom daarop neer dat hulle nie 'n voorwerp definieer nie, maar 'n kenmerk van sekere linguïstiese voorwerpe. Dit is belangrik dat dié benadering die moontlikheid van funksionaliteit en prosedure beklemtoon, maar die sewe norme is nie in 'n samehangende teorie verbind nie. Bókay (1985:414) se opinie daarvan is dat dit 'n versameling tekstuele kenmerke is wat lukraak gekies is sonder 'n motivering vir die besondere keuse. Carstens (1987:30) wys ook op die leemte in De Beaugrande en Dressler se werk deurdat hulle ekplisiet al sewe standaarde as noodsaaklik beskou voordat 'n teks as sodanig kwalifiseer.

Alhoewel die vertrekpunt oor wat 'n teks presies is, kan wissel, is dit normaalweg nie moeilik om 'n grapteks te herken vir wat dit is nie. Die ontvanger of luisteraar begryp die besondere bron van humor (vgl. Scherzer, 1985:219). Die teks word as sodanig herken, sonder dat dit gelees hoef te word. Dit is omdat die grap sekere eienskappe het en as 'n bepaalde linguïstiese objek herken word. As dit daarby kom om 'n grap as tekstipe te onderskei, is die blote beskrywing daarvan nie voldoende nie. Die model wat grappe beskryf en onderskei van ander tekste, humoristies of andersyds, moet geïntegreer wees in 'n omvattende model van tekste. Dit moet met ander woorde 'n pragmatiese vertrekpunt hê (vgl. Attardo & Chabanne, 1992:172). Hierdie standpunt word onderskryf deur De Beaugrande (1982:467). Hy wys daarop dat sodra enige van die vernaamste kategorieë van die pragmatiek gebruik word – kategorieë soos bedoeling, motivering, handeling of effek, entiteite buite die grense van die sin ter sprake is. Selfs as 'n diskoers slegs uit een sin bestaan, kan dit nie pragmaties beskryf word sonder die konteks rondom die uitingshandeling nie.

Daar is reeds daarop gewys dat sekere konvensies 'n teks kenmerk. Nou moet in gedagte gehou word, volgens Bókay (1985:415), dat konvensies deur persone ontvang en geproduseer word en dat interpretasie vanselfsprekend van belang is. Hierdie siening hang daarmee saam dat 'n teks nie net 'n *objek* is nie, maar 'n *proses* wat die produseerder, die ontvanger en die teksobjek behels. Die feit dat daar 'n verband is tussen die twee funksionele entiteite (produseerder en ontvanger) en die strukturele entiteit, veroorsaak dat die teksteorie kompleks sal wees. Dit sal volgens Bókay (1985:415) 'n teoretiese rekonstruksie moet gee van die verhoudings in die teksproses. Dit moet ook die verskillende en die spesiale tekstipes definieer.

Weens die besondere belang van die onderlinge verwantskap tussen die drie entiteite, is koherensie nie slegs 'n eienskap van 'n teks nie, maar die teks kan gedefinieer word deur sy koherensie en die koherensie kan gedefinieer word deur die teks. Volgens Bókay (1985:415) is 'n uitdrukking koherent as dit 'n teks is, en is

dit 'n teks as dit koherent is. Koherensie verwys na onderdele van 'n geheel. (Dit is maklik opmerkbaar in die geval van 'n grap met 'n aanloop en 'n trefreël.) Vir Bókay (1985:416) is koherensie die basiese kwaliteit vir teksteorie, omdat die beginsel van eenheid gevorm word in die totale teksproses. Dit het daarom ook 'n interverwante objektiewe en subjektiewe sy. Die objektiewe sy word gegee deur die kohesie in die teks, die verband tussen die elemente van die tekswêreld. Die subjektiewe sy kom voor in die produksie en ontvangs van tekste. Dit is 'n voorwaarde vir die tekstualiteit, die voorwaarde vir die bestaan van die teks. Dit kan volgens De Beaugrande en Dressler (1992:6) nie betwyfel word nie dat koherensie nie bloot 'n kenmerk is van tekste nie, maar eerder die resultaat is van kognitiewe prosesse tussen teksgebruikers.

Bókay (1985:416) hanteer vervolgens 'n baie belangrike aspek: daar moet ook bepaal word wat die bron is van die koherensie. Die bron van die koherensie sou kon wees in die taal as sodanig self (kohesie), of dit kan wees in die bedoeling van die produseerder van die teks. Dit sou ook in die persepsie, die interpretasie van die ontvanger van die teks kon wees. Die bron sou ook in al drie geleë kon wees. Dit word meer gekompliseerd as in ag geneem word dat die persepsie en bedoeling in die linguïstiese objek ingebou is, met ander woorde dit word in die teks verstaan. Die realisering van 'n voorgestelde wêreld in die teks, of die rekonstruksie van 'n bedoeling in 'n teks gebeur alles in die proses wat tot begrip lei. Dit is egter nie waar van alle tekste nie, omdat daar baie is wat voldoende verseker word deur die objek of die handeling wat voorgestel word.

Die volgende aspek waarop Bókay (1985:416) wys, is die funksie van tipologie in teksteorie. Die terme 'vertelling', 'storie', 'grap', 'novelle', ensovoorts word dikwels gebruik en nie 'teks' nie. Dit is ook so dat 'n uitdrukking in een situasie as teks erken word, maar nie in 'n ander nie. Dit laat die vraag ontstaan of 'n samevattende teksteorie moontlik is.

Dit blyk dat wat Bókay (1985:418) ook as belangrik ag, 'n moontlike samevattende teorie is waarin begrip 'n belangrike rol speel. Twee moontlikhede word onderskei. In die eerste word taal beskrywend gebruik, 'n middel om informasie oor te dra. Wat hierdie aspek betref, word die werklikheid in die taal weerspieël, die taal beskryf iets. Die tweede moontlikheid is dat taal nie as kommunikeerder van die werklikheid gebruik word nie, maar dit is 'n spesiale subjektiewe wêreld op sigself, dikwels fiksie.

Om na die grap as sodanig terug te keer – daar word gelag by die vertel daarvan: dit is die spontane effek wat 'n grap het op die ontvanger. Die proses wat plaasgevind het tussen die teks en die ontvanger, bring 'n mens uitdruklik uit by die kern: om die teks te verstaan, is die essensie van die geslaagde teks. Die feit dat daar gelag is, is 'n bewys dat die teks begryp is (vgl. Bókay, 1985:419). Dit word ook bevestig deur Scherzer (1985:218). Hy wys daarop dat sekere kennis begin

figureer met die uiting van die trefreël. Dat die verteller daarop reken en verwag dat die luisteraar die verbande sal insien, is 'n toets vir albei se intelligensie en begrip. Die wyse waarop die grap vertel word, neem dit in ag. Daarby moet die luisteraar die grap snap en op die regte plek lag, of op 'n ander geskikte wyse reageer.

Weens die feit dat daar sekere kenmerke aan 'n grap is wat dit as sodanig onderskei van ander tekste, herken die ontvanger van 'n sekere teks dit spontaan as 'n grap. As die grap gewysig word om die effek te neutraliseer, as daarvan 'n gewone teks gemaak word, moet dit die elemente wees wat deur reduksie weg-geneem is wat die essensie van die grap uitmaak. Die feit dat 'n sekere grap vertel word, sowel as die keuse van die elemente om dit te wysig, berus daarop dat dit verstaan is. Veronderstel voorbeeld (1) word soos volg gewysig:

(1a)

Ma: Pa, Piet se broek is stukkend. Koop vir hom 'n nuwe.

Wat deur reduksie weggeval het, is die volgende:

- * Daar is twaalf kinders.
- * Piet het vier jaar gelede laas 'n nuwe broek gekry.
- * Die gebruik van die woord “krismisse” en die wys met die vurk plaas die gesin in 'n bepaalde sosiale milieu.
- * Die feit dat dit blykbaar net “Ma” is vir wie die stukkende broek pla, versterk die milieu.
- * Die plek waar Piet se broek stukkend is, word gesuggereer deurdat “iets” deur die sop gesleep word.

Dit is duidelik dat sommige van die weggelate gegewens deur die ontvanger van die graptteks deur hom in die proses van verstaan, bygedink of afgelei moet word. Volgens Attardo en Chabanne (1992:170) kom hier 'n wêreld van kennis ter sprake wat gedeel word deur die hoorders en die verteller. Dit is die werklike wêreld. Die grap skep 'n fiktiewe wêreld wat dan deur die karakters in die grap gedeel word. Die fiktiewe wêreld bevat verskeie wanvoorstellings van die werklike wêreld wat as model dien. Dit is daarom dat in voorbeeld (1) die karakter Piet so lank 'n stukkende broek kan dra sonder dat dit hom pla. In die fiktiewe wêreld kan ook ander verbeeldingsvlugte van die produseerder voorkom om 'n grap te vorm.

Die grap is volgens Attardo en Chabanne (1992:173) 'n tipiese voorbeeld van die afstand tussen die oppervlakstruktuur en die afleidingsprosessering wat nodig is om die teks te verstaan. Dit beteken dat wanneer die produseerder teenwoordig is, sy bedoeling makliker verstaan kan word. Sy intonasie is hoorbaar, sy gebare

is sigbaar, die verbale en pragmatiese situasie is bekend. Indien die produseerder afwesig is, soos in die moderne literatuur dikwels die geval is, beteken dit dat die ontvanger nou 'n gewysigde, belangrike rol het – hy moet die bedoeling aflei van 'n geskrewe teks. In die opset dat die ontvanger die teks moet verstaan, moet hy kreatief dink, of die produseerder nou teenwoordig is of nie. Dat die ontvanger moet verstaan, is 'n belangrike aspek vir die beskrywing van wat koherensie van die teks behels, want dan het die bedoeling van die produseerder met die teks geslaag, al is die ontvanger minder aktief in die teenwoordigheid van die produseerder. So is koherensie dan die resultaat van begrip en interpretasie, teenoor 'n linguisties gebaseerde teorie waar koherensie 'n feit is vóór die tekstuele proses self (vgl. Bókay 1985:434-436).

11. Die interessantheidsbeginsel

Daar word vervolgens oorsigtelik gekyk na wat De Beaugrande en Dressler (1992) sê oor die interessantheid in tekste. Die volgende grap kan as voorbeeld dien om hulle siening toe te lig:

(2)

'n Paar seisoene gelede het 'n flank van die Vrystaat, Jan Els, die bekende destydse losskakel, Naas Botha, in 'n wedstryd platgeslaan. Kort daarna het die volgende grappie, van die vraag en antwoord-tipe, die ronde begin doen:

Het jy gehoor hulle het vir Jan Els 'n pos aangebied in UOVS se biblioteek?

Nee, watse pos is dit?

Hy het 'n pos gekry in die naslaanafdeling.

Die addisionele bedoeling in die trefreël verskil grootliks van die letterlike lesing en dit is daarom onverwags, baie informatief en gevolglik interessant. Op die oog af is die addisionele interpretasie glad nie relevant nie, maar die agtergrondskennis wat in die aanloop verskaf word, sorg daarvoor en dit verhoog die interessantheid aanmerklik.

Daar word ook daarop gewys dat daar voorkeur gegee word aan problematiese informasie in tekstuele diskoers omdat dit bepaal wat as interessant gereken word en daarom die moeite werd is om oor te praat. In die volgende voorbeeld word aangetoon hoe 'n reeks gebeure afgesluit word met iets wat teen die loop van die verwagting is, sonder duidelike rede, en daarom die aandag trek.

(3)

Daar was eendag drie vriende, elk met 'n gebrek. Die een was blind, die een doof en die ander een verlam. Hulle verneem toe van 'n fontein, diep in die woestyn, met genesende water. As iemand met 'n gebrek deur die water gaan, word hy van sy besondere kwaal genees. Na 'n lang reis kom hulle toe by die fontein.

Die dowe gaan eerste in en toe hy anderkant uitkom, roep hy: “Ek kan hoor, ek kan hoor!”

Die blinde strompel ook in en deur die water, en toe hy anderkant uitkom, roep hy: “Ek kan sien, ek kan sien!”

Die verlamde kom laaste by die water en ry met sy rystoel dwarsdeur die water. Toe hy anderkant uitkom, het sy rystoel nuwe buitebande.

De Beaugrande en Dressler (1992:142-144) onderskei tussen drie tipes informasie. Dié wat voor die hand liggend hoort by 'n teks soos (3), is dat die gebreke van die drie vriende in groter detail sal volg. Ander informasie is minder voor die hand liggend en in die betrokke teks sou dit kon wees dat daar 'n fontein met genesende water iewers bestaan. Dan is daar sogenaamde informasie van die derde orde. In voorbeeld (3) sal dit die informasie wees dat in plaas daarvan dat die verlamde genees is, sy rystoel nuwe bande kry. Hierdie tipe informasie kom selde voor en het heelwat aandag en prosessering nodig om die relevansie daarvan agter te kom. Dit is daarom juis soveel interessanter. As dit lyk asof iets ontbreek in 'n teks, of die informasie is teenstrydig met die ontvanger se agtergrondskennis, is dit informasie van die derde orde. Die ontvanger moet nou gaan soek na 'n motief vir die voorkoms van die informasie, waarom dit gekies is en hoe dit geïntegreer kan word in die kontinuïteit wat die basis vorm van kommunikasie. 'n Suksesvolle soektog sal bewys dat die informasie tog een van die moontlike opsies was en dat net 'n bietjie nadenke nodig was om daarby uit te kom.

'n Ander saak waarop De Beaugrande en Dressler (1992:153) wys, is dat as die produseerder van 'n teks gebruik maak van die verwagting van die ontvanger, dit die interessantheid van die teks merkbaar verhoog. In die geval van die graptteks sou dit die interessantheid daarvan totaal vernietig as die informasie in die trefreël op die verkeerde plek genoem word. Die effek sou heeltemal verlore gaan.

Die kwessie van leesbaarheid/volgbaarheid word ook deur De Beaugrande en Dressler (1992:212, 213) hanteer. 'n Teks moet leesbaar wees, of gevolg kan word in dié opsig dat daar 'n bepaalde orde is in die stof wat aangebied word. Dit is egter foutief om te dink dat daar absolute ooreenstemming moet wees tussen

die informasie wat in die teks aangebied word en die kennis van die wêreld wat deel is van die ontvanger se wete. Dit sou die informatiwiteit op 'n baie lae vlak plaas en dit sal daarom glad nie interessant wees nie. Opvoeders kan met vrg kennis neem daarvan dat hulle moet sorg dat die stof wat aan hulle leerlinge voorgelê word by uitnemendheid interessant is. Baie bevrediging word gevind daarin om self gevolgtrekkings te maak.

Uit die voorgaande blyk dit dat De Beaugrande en Dressler korrek is met wat hulle as interessant beskou. Dit beteken dat enige grap daaraan getoets moet kan word. 'n Verdere voorbeeld word ondersoek:

(4)

Die nuwe priester lyk presies soos Frank Sinatra. Op sy eerste werksdag begin hy sy gemeentelede opsoek. Toe hy aan die eerste deur klop, maak 'n ou suster die deur oop en toe sy die priester sien, roep sy uit: "Frank Sinatra, Frank Sinatra." "Nee, nee," sê die priester. "Ek is net die nuwe priester van die gemeente. Ek het gekom om jou te besoek." Daarna klop hy aan 'n volgende deur en 'n grys ou man en sy ou vrou maak die deur oop. Toe hulle die priester sien, roep hulle saam uit in ekstase: "Frank Sinatra, Frank Sinatra." "Nee, nee," sê die priester weer. "Ek is maar net die nuwe priester van die gemeente. Ek kom julle besoek." Toe hy aan die derde deur klop, gaan die deur oop en daar staan 'n pragtige jong blondine met 'n deursigtige, kort japonnetjie wat, toe sy die priester sien, uitroep: "O, Frank Sinatra, Frank Sinatra." En die priester antwoord: "Doo bee doo bee doo!"

Oor hierdie grap moet in die staanspoor genoem word dat daar 'n mate van voorspelbaarheid is in die verloop, omdat die kombinasie van 'n populêre sanger en 'n priester reaksie moet uitlok. Die trefreël is baie interessanter en meer informatief, by implikasie, as die antwoord wat die priester reeds twee maal gegee het. Dit is dus die onverwagtheid, die op die oog af irrelevante antwoord van die priester wat die interessantheid daarvan verhoog. Daar is ook 'n nuwe lesing van die antwoord, want die priester sing nie net nie, hy laat blyk bybedoelings of begeertes wat die ontvanger moet aflei. Vir 'n priester is dit 'n interessante gedagte. Dit dra alles by om die aandag te behou.

Daar is ook beweer dat die informasie in 'n teks wat deurgaans van 'n problematiese aard is die interessantheid verhoog. In hierdie geval is dit duidelik dat die onbekende priester met die voorkoms van Sinatra, by sy gemeentelede, wat hom nog nie ken nie, onvoorspelbare en problematiese reaksies sal kry. Die problematiese aard daarvan word duidelik as hy die skraps geklede gemeentelid teëkom en dit word in sy antwoord in die trefreël weergegee.

11.1 Interessantheide in die graptteks

Met die bespreking van die voorkoms en die aard van die graptteks het sekere feite reeds na vore gekom wat die interessantheid, die andersheid daarvan, beklemtoon het. Dit het geblyk dat dit 'n *spel met woorde* is waarmee die *gewone mens* homself en ander vermaak. Daar word *gelag* vir die spesifieke soort teks. Die onderwerpe van die graptteks, of die *teiken*, dit wat *belaglik* gemaak word, is *kontroversiële persone* of figure, soos byvoorbeeld *politici* of *taboe-onderwerpe*, soos byvoorbeeld seks. Dit is ook so dat uit die aard van 'n graptteks en die geleentheid waar dit voorkom, die ontvangers daarvan in 'n mate in *spanning wag* op en *nuuskierig* is om die trefreël te hoor wat altyd 'n *verrassing* oplewer. Die *onvoorspelbaarheid* van wat die trefreël gaan oplewer, verhoog die *interessantheid* daarvan.

11.2 Interessantheid

Volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Deel IV (1972:641) is iets wat interessant is dit “wat die aandag, belangstelling, nuuskierigheid gaande maak; belangwekkend, onderhoudend, boeiend; wat deur iets eienaardigs, besonders, of deur gawe, kennis, ens. belang inboesem; aantreklik, treffend; wat die indruk (wil) wek van belangrikheid”.

Dit is maklik om die meeste van hierdie eienskappe in 'n graptteks en die houding teenoor die grap as mikrovertelling raak te sien. Met al hierdie eienskappe van die graptteks in gedagte, is dit nie moeilik om die grap as verskynsel te koppel aan die sogenaamde *interessantheidsbeginsel* van Leech nie (vgl. Leech, 1985:145-151). Leech, wat Grice se *samewerkingsbeginsel* afspeel teen wat hyself die *beleefdheidsbeginsel* noem, onderskei ook nog 'n *ironiebeginsel*. Leech grond die interessantheidsbeginsel op twee stylfigure wat die samewerkingsbeginsel op die oog af oortree. Die hiperbool is 'n duidelike oordrywing van die stand van sake deur dit baie sterker te stel, terwyl die litotes die stand van sake sterk onderbeklemtoon.

Die kwessie van waarheid of valsheid van die betrokke uitings kom by hierdie pragmatiese strategieë nie ter sprake nie, omdat dit so ooglopend afwyk van die konteks dat niemand met redelikheid sou kon aanneem dat dit niks anders as die waarheid is nie. Gespreksimplikasie, waardeur die ontvanger 'n afleiding moet maak van die bedoeling van die produseerder se boodskap, beteken dat die samewerkingsbeginsel voor die hand liggend oortree word.

Sommige gebruike van hiperbool en litotes kan toegeskryf word aan beleefdheid, volgens Leech (1985:146). Om na 'n middelmatige vertoning die kunstenaar toe te voeg ‘Dit was 'n hemelse optrede’, oordryf die saak ter wille van beleefdheid

en om na 'n karige maal vir die gasvrou te sê 'Die kos was nie te sleg nie', word 'n versagtende opinie uitgespreek met dieselfde doel. Dit is egter so dat nie alle gevalle van hiperbool en litotes ter wille van beleefdheid gebruik word nie. In normale gesprekke kom idioome van hierdie aard veelvuldig voor, soos: 'Hy was die ene oë', 'Ek wag al eeue vir jou', 'Hy is 'n vetgesmeerde blits', 'Dit laat my hare rys', 'Ek is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie', ensovoorts.

Vir Leech is daar onderliggend aan sulke gevalle die volgende gespreksimplikasie: *Sê wat onvoorspelbaar en daarom interessant is.*

Die interessantheidsbeginsel hou in dat in gesprekke dinge gesê moet word wat onvoorspelbaar en nuuswaardig is, teenoor dit wat vervelig en voorspelbaar is. Dit word dikwels ervaar in alledaagse gesprekke waar 'n mens geneig is om in persoonlike anekdotes uit te brei op die gebeure en by te las, of te dink. In die geval van byvoorbeeld 'n skinderstorie word baie bygelas en gespekuleer – 'n vertelgeniek wat die interessantheid verder verhoog.

12. Gevolgtrekking

Uit die aard van die kenmerke van die grapteks, en veral die trefreël, is dit voor die hand liggend dat die grap by uitnemendheid staat maak op die interessantheidsbeginsel. Die feit dat die lagwekkende bedoeling van die produseerder van die grapteks deur afleiding realiseer in iets onvoorspelbaars en verrassends in die trefreël, bevestig hierdie siening. Hierdie siening maak ook die terrein oop om hierdie beginsel toe te pas op alle tekste, soos byvoorbeeld koerantberigte, waar daar voortdurend spanning is tussen Grice (1975:47) se gespreksvoorwaarde van kwaliteit en wyse aan die een kant en Leech se interessantheidsbeginsel aan die ander kant (vgl. Thogmartin, 1991:251). Tekstipes soos toesprake, lesings, prosa, poësie, ensovoorts sal ook so benader kan word. Dit sou beteken dat die ondersoek nie net hiperbool en litotes betrek nie, maar ook alle ander stylfigure wat in alle literatuurvorme voorkom. Soos met die grapteks, wat dikwels nie deur alle ontvangers ewe veel waardeer word nie, sal dit ook so wees dat 'n prosawerk, of 'n gedig wat een of ander onderwerp hanteer wat aanstoot gee, gelees of gehoor is deur ontvangers daarvan wat nie die teikengehoor was nie.

Bibliografie

- Attardo, S. & Chabanne J-C. 1992. Jokes as a Text Type. *HUMOR*, 5(1/2):165-176.
- Bókay, A. 1985. Text and Coherence in a Psychoanalytic Theory of Jokes. In: Sözer, E. (ed.) *Text Connexity, Text Coherence. Aspects, Methods, Results*. Hamburg : Helmut Buske Verlag. p. 414-438.
- Carstens, W A.M. 1987. De Beaugrande en Dressler (1981) se "Standaard van Tekstualiteit". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 5(2): 15-32, April.
- Carstens, W A.M. 1991. 'Teks' – 'n Begrip op soek na 'n funksionele tekslinguistiese definisie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 9(4) 85-90, November

- Carstens, W.A.M. 1992a. Inleiding tot die sosiolinguistiek II: Die konteks as bepalende faktor in die sosiolinguistiek. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 26(1):32-40, April.
- Carstens, W.A.M. 1992b. Inleiding tot die sosiolinguistiek III: Die invloed van die pragmatiese konteks op sosiolinguistiese studies. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 26(2):63-74, Julie.
- De Beaugrande, R. 1982. Text and Sentence in Discourse Planning. In: Petofi, J.S. (ed.) *Text vs sentence. Basic Questions of Text Linguistics. Second part*. Hamburg : Helmut Buske Verlag. p 467-494.
- De Beaugrande, R. & Dressler, W. 1992. *Introduction to Text Linguistics*. London : Longman.
- De Bruyn, P.S. 1992. Die aard van ou en nuwe informasie in die grapteks. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde. Supplement*, 13:59-74, Desember.
- Dimter, M. 1985: On Text Classification. In: Van Dijk, T.A. (ed.). *Discourse and Literature*. Amsterdam : John Benjamins Publishing Company. p. 215-230.
- Grice, P. 1975. Logic and Conversation. In: Cole, P. & Morgan, J. (eds.) *Syntax and Semantics III. Speech Acts*. New York : Academic. p. 41-58.
- Hockett, C.F. 1977. *Jokes. The View from Language. Selected Essays 1984-1974*. Athens : The University of Georgia Press.
- Leech, G.N. 1985. *Principles of Pragmatics*. London : Longman.
- Nash, W. 1985. *The Language of Humour*. London : Longman.
- Pretorius, E.J. 1990. Humor as Defeated Discourse Expectations: Conversational Exchange in a Monty Python Text. *HUMOR*, 3(3):259-276.
- Renkema, J. 1993. *Discourse Studies. An Introductory Textbook*. Amsterdam : John Benjamins Publishing Company.
- Scherzer, J. 1985. Puns and Jokes. In: Van Dijk, T.A. (ed.) *Handbook of Discourse. Volume 3. Discourse and Dialogue*. London : Academic Press. p. 213-221.
- Swart, S.M.J. 1987. *Die Afrikaanse vertelgrappie: Linguistiese aspekte van die grapgesprek*. Bloemfontein : UOVS (MA-verhandeling)
- Thogmartin, C. 1991. The Pragmatics of French Newspaper Headlines. In: Verschuere, J. (ed.) *Levels of Linguistic Adaptation. Selected Papers of the International Pragmatic Conference, Antwerp, August 17-22, 1987. Volume II*. Amsterdam : John Benjamins Publishing Company. p. 249-266.
- Van Luxemburg, J., Bal, M. & Weststeijn, W.G. 1985. *Inleiding in de literatuurwetenskap*. Muiderberg : Dick Coutinho.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Deel IV 1972. Pretoria : Staatsdrukker.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO

